Silvertonkruin Gemeenskapskerk
Gewortel in Christus. Vernuwe deur die Gees.

**E-Nuus 13 Augustus 2026**

**Liewe Silvertonkruin-gemeente**

**Gedagte vir die Week**

Matteus 15:10–28 herinner ons daaraan dat God nie net kyk na wat aan die buitekant sigbaar is nie, maar na wat **in ons harte leef**. Jesus wys ons ook op die groot geloof van die Kanaänitiese vrou – ’n geloof wat Hom bly vertrou het, selfs toe sy nie dadelik ’n antwoord gekry het nie.

Mag ons hierdie week onthou: **’n Hart wat opreg op Jesus vertrou, gee nie maklik moed op nie.**

**Program vir die week:**

- **Biduur –** Sondagoggend om 08:00

- **Sondagoggend se Erediens – 09:00**
  Jy word hartlik uitgenooi om Sondag saam met ons die Here te kom aanbid.
  **Ds Van Wyk Fischer** lei die erediens.
  **Matteus15: 10-28 – “Genade ken geen grens nie”**

  Kyk ook op youtube:

https://www.youtube.com/watch?v=kIL_fHQ_OpU

- **Kategese – vind plaas tydens die oggend diens, direk na die Poppekas**

  **Kontak Suzette vir enige navrae: 083 718 8422**

- **Sondagaandgeselsgroep**
  Sondagaande; 17:30
  Kom leer en reis saam!

- **Pannekoek!**

  Ian se span bak saterdag. Sterkte Ian, Estelle, Mossie, Christine en Karen!



📞 Vir navrae of om betrokke te raak, kontak asseblief:
Wilna – 083 501 0451

### Belangrike Datums op ons Gemeentekalender

- 1 tot 31 Augustus - Barmartigheidsmaand / Vrouemaand
- 16 Augustus – Nagmaal / kerkraadsvergadering
- 23 Augustus – Bybelsondag
- 30 Augustus – Biddag vir Dowes

## Algemeen:

**'n Vriendelike herinnering**

**GEMEENTEFEESNAWEEK – 5 & 6 SEPTEMBER!**

Ons wil julle sommer vroegtydig herinner aan ons **Gemeentefeesnaweek** op **5 en 6 September**!

Kom kuier saam met ons op **Saterdag 5 September** vir 'n heerlike dag van:
**Potjiekoskompetisie** – bring jou beste pot en wys ons wat jy kan doen!
**Boeresport vir oud en jonk**
**Saamsing**
**Lekker kuier en saamwees**

Op **Sondag 6 September** sluit ons die naweek af met 'n besondere **Dankbaarheidsdiens**, waar ons saam ons dankbaarheid teenoor die Here wil vier.

**As jy iets wil** vra, bydra of aan die feestelikhede wil deelneem**, kontak gerus vir** Nannie **by 083 353 3800**

**Hoe kan jy betrokke raak?**

- **Kom bou n pot**
- **Word n gasvrou of gasheer**

- **Skenk iets – vleis, groente, rys, stampmielies, geurmiddels, brood…….hou die Whatsapp-groep dop vir meer inligting.**
- **Kom kuier saam!**

Jy kan ook reeds jou kaartjies koop vir die lekkerste bord Potjiekos wat jy nog ooit ge-eet het!
Volwassenes R80.00
Kindes R40.00
**Kontak vir Doortjie in die kantoor – 079 162 1443**. Jy kan kontant betaal, EFT of van die kaartmasjien gebruik maak vir betalings

Ons is baie opgewonde en sien uit daarna om **as gemeente saam te kuier, lekker te lag en sommer net die dag saam te geniet!**

**Kom wees deel van die pret – ons sien uit om julle almal daar te hê!**

## Het jy geweet?

**1. Die Bybel noem ’n baie vreemde “wapen” – bye!**
In **Deuteronomium 1:44** word vertel dat die Amoriete die Israeliete agternagesit het **“soos bye”**. Dit is een van die min plekke waar bye in die Bybel as ’n beeld van ’n militêre aanval gebruik word.

**2. ’n Koning het vir homself ’n graf in ’n tuin gehad**
Koning **Manasse** is nie saam met die ander konings van Juda in die gewone koninklike grafte begrawe nie. **2 Konings 21:18** sê dat hy begrawe is in die tuin van sy eie huis, **die tuin van Ussa**. Dit is nogal merkwaardig vir ’n koning.

**3. Moses se koper slang het eeue later nog bestaan**
Die koper slang wat Moses in die woestyn gemaak het, het nie onmiddellik verdwyn nie. Volgens **2 Konings 18:4** het die Israeliete dit eeue later nog gehad en selfs **“Nehustan”** genoem. Koning Hiskia het dit uiteindelik laat vernietig omdat die volk daarvoor begin wierook brand het.

**Hierdie een is veral interessant:** Iets wat oorspronklik deur God gebruik is as deel van Israel se redding, het later self ’n voorwerp van aanbidding geword.

## Nuusbrokkie:

**’n 1 600 jaar oue kerk is onder ’n vismark ontdek!**

Argeoloë in **Oderzo, Italië**, het onlangs die oorblyfsels ontdek van wat waarskynlik die **oudste bekende Christelike kerk in daardie antieke stad** was. Die merkwaardige deel? Die kerk was **onder die terrein van ’n voormalige vismark** versteek.

Die gebou dateer uit ongeveer die **4de of 5de eeu n.C.** en was indrukwekkend groot – ongeveer 23 meter breed en minstens 30 meter lank. Daar is ook kleurvolle mosaïekvloere en die grafte van sewe mense gevind. Die ontdekking gee navorsers ’n seldsame kykie na hoe “Christianity” in die Romeinse wêreld begin wortel skiet het.

Die foto's wys onder andere die **kleurvolle mosaïekvloere, die fondamente van die kerk en die argeoloë wat die grafte uitgrawe**. Die ontdekking is in Junie/Julie 2026 bekend gemaak.






**Kyk veral na die mosaïekvloere.** Dit is ongelooflik om te besef dat hierdie deel van ’n Christelike kerk uit ongeveer die **4de–5de eeu** kom — ongeveer **1 600 jaar oud**. Die kerk was minstens 30 meter lank en 23 meter breed, en sewe mense is in vier grafte langs die kerk gevind.

## Toets jou Kennis:

**DIE UITTOG UIT EGIPTE**

**1.** Wie het God geroep om die Israeliete uit Egipte te lei?

**2.** Waar het God aan Moses verskyn toe Hy hom geroep het?

**3.** Hoeveel plae het God oor Egipte gestuur voordat Farao die Israeliete laat trek het?

**4.** Wat was die laaste plaag wat Egipte getref het?

**5.** Wat moes die Israeliete aan hulle deurkosyne smeer tydens die eerste Pasga?

**6.** Wat het die Israeliete gedoen toe hulle by die Rooi See vasgekeer was?

**7.** Wat het God gebruik om die Israeliete bedags en snags te lei?

**8.** Wat het die Israeliete in die woestyn geëet toe hulle honger geword het?

**9.** Hoe lank het die Israeliete volgens die Bybel in die woestyn rondgetrek voordat hulle die Beloofde Land binnegegaan het?

**10.** Wat het Moses op die berg Sinai van God ontvang?

## Deel jou bydrae in ons E-nuus

Ons moedig graag ons gemeente aan om deel te neem aan die inhoud van ons E-nuus. Indien jy enige nuus, getuienis, bemoedigende boodskap of kort stukkie wil deel, is jy baie welkom om dit vir ons aan te stuur.

Jy kan jou bydraes enige tyd rig aan **Doret** by: **admin@silvertonkruin.com**

Ons sien uit daarna om julle stories, getuienisse en hart vir die Here met die res van die gemeente te deel. Saam bou ons mekaar op en getuig ons van God se goedheid in ons midde.

## GEMEENTE WHATSAPP-GROEP

Indien jy graag op hierdie WhatsApp-groep wil wees, kontak asseblief vir Doret. 079 162 1443

## KERK SE KONTAKBESONDERHEDE

E-pos: admin@silvertonkruin.com
Telefoonnommer: 079 162 1443
Kantoorure: Weeksdae – 07:00 tot 14:00

Liefde en seën uit die Kerkkantoor